

## HOOFSTUK III

### DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VOOGDOSENT- STELSEL AAN DIE P.U. VIR C.H.O.

#### 1. INLEIDING

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon is, gee die P.U. vir C.H.O. reeds geruime tyd aandag aan die vraagstuk van wanaanpassing en swak vordering van eerstejaarstudente. Soos ander universiteite het ook die P.U. vir C.H.O. met verloop van tyd verskillende maatreëls beproef om hierdie probleem die hoof te bied en een van hierdie maatreëls is die voogdosentstelsel.

Ten einde die voogdosentstelsel te evalueer is dit nodig om aan te toon hoe dié stelsel ontstaan en ontwikkel het en veral hoe dit tans toegepas word.

Die aandag word derhalwe bepaal by die maatreëls wat die voogdosentstelsel voorafgegaan het, by die ontstaan en ontwikkeling van die stelsel en ten slotte by die fynere besonderhede van die voogdosentstelsel.

#### 2. MAATREËLS WAT DIE VOOGDOSENTSTELSEL VOOR- AFGEGAAN HET.

Studie van die Raads- en Senaatsnotules en gesprekke met oudstudente dui daarop dat die verwelkoming, voorligting en oriëntering van eerstejaarstudente aan die P.U. vir C.H.O. deur drie fases verloop het: Aanvanklik het dit slegs by seniores berus.<sup>1</sup> Met verloop van tyd het die ewels waarmee die verwelkomingspraktyke van die seniores gepaard gegaan het, die universiteitsowerhede genoop om

---

1. Volgens die Raads- en Senaatsnotules en gesprekke met oudstudente, proff. B.C. Schutte, S.J. van der Walt en S.P. van der Walt.

sekere beperkings in te stel en ten slotte het die toenemende wanaanpassing en swak vordering van eerstejaars die universiteit verplig om self tot die oriëntering toe te tree.

(a) Inlywing deur seniores

Aan inlywing of ontgroening lê ten grondslag die opvatting dat die eerstejaarstudente onryp is en gevolglik nie al die voorregte van volwaardige studentenskap mag geniet nie.

Tussen die jare 1923 en 1930 is van owerheidsweë aan die P.U. vir C.H.O. niks gedoen om eerstejaarstudente te oriënteer nie, omdat die groepie studente so klein was (36 studente in 1924); dit 'n homogene groep was en die agtergrond van die studente min of meer dieselfde was.<sup>2</sup>

Van studentekant moes die groentjies deurloop. Op hierdie stadium was daar nog geen huiskomitee of koshuisreëls nie en die eerstejaars het onder tug van die seniorstudente gestaan. Die ontgroening van eerstejaars, wat min of meer drie weke geduur het, was ongeorganiseerd en spontaan. Dit was slegs 'n gekskeerdery met die juniors om hulle in die studentegemeenskap in te burger en niemand was hieroor bekommerd nie, omdat dit binne redelike perke geskied het. Die seniorstudente het hul gesag op vaderlike wyse uitgeoefen. Die „Hof van Hades“ het hierin 'n belangrike rol vervul en die jonges het hierdie onskuldige pret ten koste van hulleself aanvaar. Die eerstejaars was nie verplig om enige vernederende werk te doen nie en die ontgroeningstyd is afgesluit met 'n vrugtefees.<sup>3</sup>

- 
2. Volgens 'n onderhoud met professor S.J. van der Walt.
  3. VERITAS VINCET: Orgaan van die Korps Veritas Vincet van die Teologiese skool en P.U.K., kwartaaluitgawe 1924, Jaargang xi, No. 1, 4,

Die slaagsyfer was op hierdie stadium nog nie 'n wesenlike probleem nie en gevolglik het owerhede nie beswaar teen ontgroening gehad nie.<sup>4</sup>

Geleidelik het die ontgroening, of inlywing, 'n ander vorm begin aanneem: meer subtiële metodes is aangewend om die eerstejaars hul „minderwaardigheid“ te laat besef; maar daarenteen het sommige seniores nie geskroom om geweld te gebruik of om eerstejaars op sadistiese wyse te mishandel deur hulle, onder andere, te „pomp“ wat daarin bestaan het dat die groentjie deur verskeie ouhere vasgehou is, terwyl water by sy neus ingetap word; voorts is toenemend inbreuk gemaak op die eerstejaar se tyd daar hy as persoonlike „draak“ 'n bepaalde ouheer moes bedien. Genoemde praktyke het die Raad en Senaat sedert 1936 genoop om aandag aan die vraagstuk van inlywing van eerstejaars te skenk. Die uitvloeisel hiervan was dat die owerhede die kloof tussen eerstejaar en senior erken het deur goed te keur dat eerstejaars nie toegelaat word om kleurbaadjies aan te skaf nie, dat eerstejaars 'n groen knopie moet dra, en dat eerstejaars slegs stemreg en kleure onder sekere voorwaardes kan behaal.<sup>5</sup>

Ongelukkig het die inkorting van regte met 'n eweredige vermeerdering van pligte gepaard gegaan sodat die eerstejaar mettertyd tot die werksmag van die studentelewe ontwikkel

4. Volgens 'n onderhoud met professor S.P. van der Walt.
5. Volgens onderhoude met proff. B.C. Schutte, S.J. Preller, S.J. van der Walt en S.P. van der Walt.

het, en die toenemende inbreuk wat die lewering van hierdie persoonlike dienste op die studietyd van eerstejaars gemaak het, het daartoe gelei dat verskillende maatreëls met verloop van tyd deur die Raad getref is om ontgroening te beperk.

(b) Die beperking van ontgroeningspraktyke

In teenstelling met die aansprake van kampvegters vir ontgroening toon wetenskaplike ondersoek dat ontgroening in plaas van om die eerstejaar meer tuis te laat voel en groter vrymoedigheid tot deelname aan universiteitsaangeleenthede te gee, dit hom eerder noop om hom op 'n afstand van seniores te hou ten einde enige sweem van vrypostigheid te vermy. 'n Uitvloeisel hiervan is dat juniorstudente nie maklik by verenigings aansluit wat hoofsaaklik deur seniorstudente beheer word nie. Hierbenewens is dit nie weg te redeneer dat die ontgroeningspraktyk inbreuk maak op die studietyd van eerstejaars nie en die uitvloeisel hiervan is 'n swak vordering.<sup>6</sup>

Die optrede van die Universiteitsowerhede deur die jare teen ontgroening toon duidelik dat erken is dat dit 'n struikelblok in die aanpassingsproses van die eerstejaarstudent geword het. Verskeie maatreëls is dan ook getref om hierdie praktyk aan bande te lê.

Reeds in 1940 het die rektor van die P.U. vir C.H.O. kommer uitgespreek oor die metode van ontgroening en is daar besluit om die aangeleentheid te ondersoek.<sup>7</sup> Daar is onder

- 
6. UNIVERSITEIT VAN PRETORIA: Verslag van die studentevoorligtingskomitee insake 'n ondersoek na die akademiese aanpassing en vordering van eerstejaarstudente aan die Universiteit van Pretoria, 129.
  7. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaat gehou op 6 Maart 1940, art. 22, Ontgroening.

andere vasgestel dat 'n eerstejaarstudent deur 'n aantal senior-studente tydens ontgroening 3 houe toegedien en erg vermink is. In 'n ander geval is rook by die eerstejaar se neus ingeblaas totdat sy neus begin bloei het.<sup>8</sup> Die gevolg was dat tugmaatreëls toegepas moes word.<sup>9</sup>

'n Belangrike stap in die beperking van die ontgroeningspraktyk was die hersiening van die konstitusie van die Studenteraad in 1942. Voortaan sou alle liggaamlike of geestelike krenking van eerstejaars vermy word en die intensiewe kennis- en bekendmaking sou aan die begin van die jaar tot 'n tydperk van twee weke beperk word sonder die belemmering van die noodsaaklike klas-, studie- en rustye. Die S.R. sou voortaan van alle onreëlmatighede verantwoordig moes doen aan die Raad en die Senaat en amptelike lyfstraf moes uitgeskakel word. Die inlywingsprosedure sou in die toekoms meer sielkundig-opvoedkundig ingerig word.<sup>10</sup>

In 1944 word die ontgroening wat deur die studentemassa beoefen is, op grond van ernstige klagtes, deur die Raad stopgesit.<sup>11</sup> Die Studenteraad kon egter in die vervolg die inlywing

8. P.U. vir C.H.O.: Spesiale vergadering van die Senaatsbestuur gehou op 11 Maart 1940.
9. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n gesamentlike spesiale vergadering van die Senaatsbestuur en die Dagbestuur van die losieshuise gehou op 19 Maart 1940.
10. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaatsbestuur gehou op 9 November 1942, art. 4, B. Inlywing van studente.
11. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaatsbestuur gehou op 28 Maart 1944, art. 14, Inlywing van studente.

van nuwe studente waarneem en alle verantwoordelikheid aan-  
 vaar.<sup>12</sup>

In 1947 rig die Studenteraad 'n versoek tot die Senaat om teen die eerstejaars te kan optree aangesien eerstejaars nie behoorlik gekleed is op Sondag nie, bioskope besoek en nie studentevergaderings bywoon nie en hulle studies verwaar-  
 loos. Dit word aan die hand gedoen dat eerstejaars weer groen strikkies moet dra, vir 'n tyd geïgnoreer moet word, skuldiges deur 'n skynpomp die skrik op die lyf gejaag moet word en dat diegene wat nie ag gee nie, „geborsel“ moet word.<sup>13</sup>

In weerwil van die optrede van die Raad om die inlywing te beperk, het die inlywingsaksies feitlik onveranderd voortgeduur totdat die kommissie insake doseer- en studiemetodes in 1954 aanbeveel het dat: „... inlywing' nou vir goed aan bande gelê moet word sodat seniores na die inlywingsplegtigheid geen verdere seggenskap op die eerstejaars sal hê nie.“<sup>14</sup> 'n Vername beweegrede tot hierdie aanbeveling was die feit dat eerstejaars dwarsdeur die jaar stelselmatig uit die werk gehou is deur middel van verpligte bywoning van alle moontlike vergaderings en byeenkomste en vanweë die persoonlike diens wat die eerstejaars aan een of meer beskerm-  
 here moes lewer wat te alle tye oor hulle as lyfeienes beskik

- 
12. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaatsbestuur gehou op 11 Oktober 1944, art. 12, Inlywing van nuwe studente.
13. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n spesiale vergadering van die Senaatsbestuur gehou op 28 Mei 1947, art. 1.
14. P.U. vir C.H.O.: Rapport van die kommissie insake doseer- en studiemetodes soos gewysig deur die Senaat op 10 November 1954, stelling 5.

het.<sup>15</sup>

Die uitvloeisel van hierdie aanbeveling was dat die rektor, die huisvader en die registrateur samesprekings gevoer het met lede van die Studenteraad. Die vrug van hierdie ontmoeting was dat die Studenteraad 'n formule opgestel het waarvolgens inlywing voortaan sou geskied.<sup>16</sup>

Uit voorgaande kan afgelei word dat die inlywing voortdurend die aandag geniet het. Die verskillende maatreëls wat van owerheidsweë ingestel is om die praktyk van inlywing van die eerstejaar aan bande te lê, het daartoe gelei dat ontgroening in 1965 geheel en al afgeskaf is en in die plek daarvan 'n proses van inburgering ingestel is.<sup>17</sup> Die Studenteraad het hierdie stap gesteun en as motivering vir hulle optrede aangevoer dat die toenemende aantal eerstejaars kontrole moeiliker maak, sodat die inlywing baie van sy effektiwiteit verloor veral ten opsigte van sekere aksies soos byvoorbeeld „Tarentaal, Skynonthefing, Hof van Hades, Rooi duiwel" ens., en dat baie eerstejaarmans ook militêre opleiding ondergaan en sodoende reeds ontslae geraak het van hulle skoolmentaliteit.<sup>18</sup>

- 
15. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n spesiale vergadering van die Senaat gehou op 10 November 1954, art. 6, stelling 5, Motivering.
  16. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die komitee vir Inwendige Beheer gehou op 25 November 1954, art. 31, Goedkeuring van stelling 5.
  17. P.U. vir C.H.O.: Verslag van die Sentrale Opnamekomitee oor akademiese en verwante aangeleenthede aan die P.U. vir C.H.O., 328; en P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n Studenteraadsvergadering gehou op Vrydag 18 November 1966 om 2nm. in die Raadskamer van die Studenteraad van die P.U. vir C.H.O., art. xi: verslae - Inlywingsprogram vir eerstejaars.
  18. P.U. vir C.H.O.: Verslag van die Eerstejaarskomitee, 1965.

(c) Oriëntering van eerstejaarstudente van owerheidsweë

Dit val op dat, tesame met die pogings om ontgroening te beperk, 'n toenemende neiging by die Raad en Senaat ontstaan het om eerstejaarstudente op 'n opvoedkundige wyse te oriënteer en wel deur ampsdraers van die Universiteit. Laasgenoemde neiging het veral na selfstandigwording van die Universiteit, in 1951, toegeneem<sup>19</sup> en vertoon die volgende fases: die gee van voorligtingslesings aan eerstejaars, die instelling van 'n voorligtingsdiens in koshuise, die instelling van 'n voorligtingsdiens vir eerstejaars, toenemende inskakeling van dosente by die voorligtingsdiens, die aanstelling van voogdosente en die stigting van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing.

(i) Voorligtingslesings aan eerstejaarstudente

Reeds in Februarie 1952 beveel die Komitee vir Studentesake by die Senaat aan dat departementshoofde aan die begin van elke jaar en van tyd tot tyd aan hulle studente voorligting in verband met studiemetodes in elke besondere vak moet gee.<sup>20</sup> Met sy aanvaarding van hierdie aanbeveling bevestig die Senaat sy besorgdheid oor die prestasies van eerstejaarstudente in die verskillende vakke en lê hy tegelykertyd ook die grondslag vir die voorligtingslesings waarin eerstejaars leiding in studiemetodes ontvang.

- 
19. Mondelinge mededeling deur professor H.J.J. Bingle, rektor van die P.U. vir C.H.O.
20. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaat gehou op 27 Februarie 1952, art. 27, Komiteerapporte, E. Komitee vir Studentesake: (i) Studentevoorligting (art. 3).



Die voorligtingslesings is vanaf die begin van 1953 op 'n hegte grondslag geplaas toe professor H.J.J. Bingle van die Fakulteit Opvoedkunde dit aangebied en ook individuele advies aan eerstejaarstudente in verband met kursusse gegee het.<sup>21</sup> Teen 1955 was dit reeds duidelik dat hierdie lesings besonder goeie vrugte afwerp,<sup>22</sup> en veral daartoe bydra dat die eerstejaarstudente die nuwe jaar met meer selfvertroue tegemoet gaan.<sup>23</sup>

Vanaf die begin van 1960 het professor B.C. Schutte verantwoordelikheid vir voorligtingslesings aan eerstejaars aanvaar. Op hierdie stadium is lesings aan die begin van elke jaar aan die eerstejaars gegee ten opsigte van studiemetodes, biblioteekgebruik en die afneem van aantekeninge in die klas. Hierbenewens is voorligtingslesings in verband met militêre sake en kursus- en vakkeuse ook gegee.<sup>24</sup>

(ii) Voorligtingsdiens vir eerstejaars in koshuise

Teen 1960 het dit duidelik geword dat eerstejaar-

21. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaat gehou op 11 Maart 1953, art. 25, Verslag van die Uitvoerende Komitee, 20.2.'53; (a-1) Voorligtingslesings vir eerstejaarstudente en program i.v.m. opening, 25-27 Februarie 1953. (art. 35; ss. 17.2.'53, art. 5).
22. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaat gehou op 9 Maart 1955, Verslag van die Uitvoerende Komitee, art. 17.
23. P.U. vir C.H.O.: Verslag van die rektor oor die proefneming met eerstejaarstudente, 1955.
24. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaat gehou op 9 Maart 1960, art. 12, Voorligtinglesings aan eerstejaars.

studente in die koshuise besondere hulp nodig het. Die ondervinding het naamlik geleer dat juis daardie eerstejaars-kosgangers wat hulp die nodigste het dit nie vra nie en dat hulle vroegtydig uitgeken moet word, en dat die uitkenning van hulpbehoewende eerstejaars noue en voortdurende kontak en kontrole van akademiese vordering en persoonlike aanpassing verg. Die destydse huisvader, professor D.J. van Rooy, het derhalwe 'n stelsel van „Ouboete“ in die koshuise ingestel.<sup>25</sup>

Volgens hierdie stelsel moes een of meer seniorstudente in elke manskoshuis as 'n toesighoudende raadgewer oor die eerstejaars optree. Die Ouboet moes algemene leiding aan die jongeres gee, toesien dat hulle die bepalinge, hoofsaaklik met betrekking tot studie, nakom en dat hulle nie deur seniorstudente vir persoonlike diens misbruik word nie.<sup>26</sup> Die magte en pligte van Ouboete is in 'n reglement vasgelê en 'n handleiding is vir hulle opgestel. Die Raad van die P.U. vir C.H.O. het ook besluit om die Ouboete vir hulle dienste te vergoed by wyse van kwytstelling van een kwartaal se losiesgeld.<sup>27</sup>

Toepassing van die stelsel het spoedig die volgende voordele getoon: die sosiale aanpassing van eerstejaars in die koshuise is verbeter aangesien die Ouboete klaarblyklik noue kontak met hul pleegstudente kon bewerkstellig; akademiese aanpassing is verbeter aangesien die Ouboet vir die eerstejaar hulp kan verkry by senior kosgangers

- 
25. Volgens 'n onderhoud met professor C.P. van der Walt, wat professor Van Rooy as huisvader opgevolg het.
26. P.U. vir C.H.O.: Verslag van die huisvader vir manskoshuise vir 1960.
27. Volgens professor C.P. van der Walt, destydse huisvader.

wat dieselfde vakke as die eerstejaars neem; en die dissipline oor die eerstejaars is verstewig deurdat die Ouboet, wat daaglik met hulle in aanraking was, 'n wakende oog oor hulle kon hou. Dit het egter ook spoedig geblyk dat die stelsel sekere nadele openbaar: die Ouboete was nie altyd verantwoordelik genoeg vir hulle taak nie, want hulle was soms self nog onryp en het nie oor die nodige deurstellingsvermoë vir hulle taak beskik nie; in die groter koshuise moes die Ouboete van 20 tot 30 eerstejaars behartig wat 'n te groot las vir hulle geword het as hulle hul pligte getrou wou nakom; en die Ouboete was ook nie altyd daartoe in staat om die eerstejaars met vakkundige probleme te help of na geskikte raadgewers te verwys nie.<sup>28</sup>

Daar dien egter op gelet te word dat ook die voorligter(s) nog deel van die voorligtingsdiens aan eerstejaars uitgemaak het deurdat kosgangers sowel as ander eerstejaars gedurende die oriënteringstydperk en daarna die voorligters kon gaan raadpleeg in verband met hulle probleme. Die ervaring het egter getoon dat baie min eerstejaars van hierdie vergunning gebruik gemaak het. Die studente wat wel by die voorligter(s) opgedaag het, het meestal eers teen die einde van die jaar, na 'n lang worstelweg en heelaas te laat by hierdie oord om hulp gaan aanklop t.o.v. hulle aanpassings- en studieprobleme, en menige mislukking in die eindeksamen getuig dan ook hiervan.<sup>29</sup>

---

28. Volgens professor C.P. van der Walt, gewese huisvader.

29. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan alle doserende personeel-ede i.v.m. Voorligting aan eerstejaars, 1963.

Die leemtes van bogenoemde stelsels het grootliks daartoe bygedra dat daar aan die begin van 1966 vir elke koshuis 'n huisvader benoem is ten einde groter beheer oor die koshuislewe uit te oefen ten opsigte van die afskaffing van ontgroeningspraktyke, handhawing van dissipline, die versorging van kosgangers en leiding en raadgewing aan, veral, eerstejaars. Langs hierdie weg het die huisvaders deel geword van die voorligtingsdiens aan eerstejaarstudente.<sup>30</sup>

(iii) Inskakeling van die dosente by die voorligtingsdiens

Terwyl die Ouboetstelsel reeds in die koshuise in swang was, maar nog voordat 'n huisvader vir elke koshuis benoem is, het die leemtes in die Ouboet- en die voorligtingstelsel, soos hierbo genoem, daartoe gelei dat 'n beroep op die personeel van die Universiteit gedoen is om persoonlik by te dra tot die voorligting van eerstejaars.<sup>31</sup>

Professor B.C. Schutte, die destydse voorligter, het hom sterk daarvoor beywer dat dosente betrek moet word om gedurende die eerste jaar voortdurende leiding aan groepe studente te gee ten opsigte van ekonomiese studiemetodes ten einde aan die behoeftes van hulle vakke te voldoen; in die afneem van aantekeninge in die loop van lesings; en ten opsigte van die gebruik van bronne.

Die uitvloeiing van hierdie bemoeiing was dat dosente van owerheidsweë versoek is om mee te help in die gee van die bogenoemde voorligting en dat hulle versoek

---

30. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee gehou op 4 Mei 1966, art. 7, Eerstejaars.

31. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan alle doserende personeel lede i.v.m. Voorligting aan eerstejaars, 1963.

is om studente aan te moedig om hulp by die dosent of selfs by die voorligter te soek indien hulle probleme ondervind. Dosente is voorts versoek om wenke ter verbetering van die voorligtingsdiens aan die hand te doen en om studente wat deskundige hulp vereis na die voorligter of betrokke vakdosente te verwys. Op hierdie wyse is gepoog om die student en die dosent nouer te laat skakel en saamwerk,<sup>32</sup> en hiermee is die eerste stappe geneem in die rigting van die voogdosentstelsel.

### 3. DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE VOOGDOSENTSTELSEL

Die ontstaan van die voogdosentstelsel spruit uit die gedagte om die dosente by die voorligtingsdiens in te skakel. Die invoering van hierdie stelsel aan die P.U. vir C.H.O. is 'n verdere poging om geleidelik 'n voorligtingstelsel wat eie is aan die Universiteit uit te bou.

Die Senaat van die Universiteit het in 1963 besluit om 'n stelsel van voogdosente vir 1964 op die proef te stel. Die besluit is deur die Raad bekragtig<sup>33</sup> en daarna is die voorligting van eerstejaars op 'n nuwe manier aangepak.

Die voogdosentstelsel is daarop gebaseer dat die adolessent wat die universiteit betree behoefte het aan begrypende, persoonlike leiding deur volwassenes. Hierdie volwassenes dien vir hom as 'n brug tot eventuele selfstandigheid en as 'n veilige basis om op terug te val. Die ouer van die student vervul tuis normaalweg hierdie verhewe

---

32. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan alle doserende personeel lede i.v.m. Voorligting aan eerstejaars, 1963.

33. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Senaat op 11 September 1963 gehou, art. 6, Onderrig van eerstejaarstudente.

funksies, maar weg van die ouerhuis moet daar ook so 'n persoon wees wat as taktvolle dog ferme leier en rugsteun kan dien. Die persone wat hierdie roeping in die universiteitsgemeenskap kan en moet vervul is die dosente wat ongelukkig deur die meeste studente beskou word as verhewe ontoeganklike persone, en wat slegs langs die weg van uitsonderlike, intellektuele prestasies bereik kan word. Die voorgestel is derhalwe juis 'n poging om die onnatuurlike en ongeregverdigde skeidingsmuur tussen student en dosent te deurbreek en persoonlike kontak met die eerstejaarstudent te bewerkstellig ten einde hulp aan hom te kan verleen.<sup>34</sup>

Die voorgedosementstelsel is aan die begin van 1964 ingestel en 97 dosente het hulle dienste as voorgedosente aangebied in antwoord op 'n beroep wat op die doserende personeel gedoen is.<sup>35</sup> Hierdie 97 dosente was verantwoordelik vir 329 pleegstudente. Dit is 'n gemiddeld van 3.4 pleegstudente per voorgedosent.<sup>36</sup>

Daar is weliswaar in die vroeë stadium van implementering van die stelsel enkele probleme ondervind soos blyk uit 'n omsendbrief aan voorgedosente<sup>37</sup> waarin die voorligter, professor B.C. Schutte, verklaar: "Ons is almal nog groen in die nuwe taak. Laat ons mekaar dus verdra en veral help om die haakplekkies uit te stryk."

Dit het spoedig duidelik geword dat die oorgrote meerderheid studente die stelsel aanvaar en hulle op gesette tye by hul voorgedosente

34. P.U. vir C.H.O.: Handleiding vir voorgedosente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1964.
35. P.U. vir C.H.O.: Opname van die organiseerder van die voorgedosementstelsel, 17 Desember 1963.
36. P.U. vir C.H.O.: Volgens die indelingslys van pleegstudente by voorgedosente, 1964.
37. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan doserende personeellede, Voorligting aan eerstejaars, 1964, paragraaf 7.

aangemeld het,<sup>38</sup> Sommige voorgdosente het egter gevind dat party van hulle pleegstudente na die eerste ontmoeting nie weer opgedaag het nie.<sup>39</sup>

Aan die begin van 1965 het sowat 83 dosente hulle bereid verklaar om as voorgdosente op te tree vir 381 pleegstudente. Dit is 'n gemiddeld van 4.6 pleegstudente per voorgdosent.<sup>40</sup>

Dit skyn asof die geesdrif van sommige dosente vir deelname in die stelsel teen 1966 ietwat afgeneem het, aangesien slegs 50 hulle as voorgdosente aangemeld het in antwoord op 'n beroep deur die registrateur gedoen.<sup>41</sup> Uiteindelik is 64 voorgdosente gewerf vir die 492 pleegstudente. Dit is 'n gemiddeld van 7.7 pleegstudente per voorgdosent. Sewe en dertig voorgdosente se voogroepe het uit 5 studente bestaan. Die grootste vooggroep het egter 68 studente gehad.<sup>42</sup>

Aan die begin van 1967 het 63 dosente vir sowat 515 eerstejaars diens aanvaar. Dit is 'n gemiddeld van 8.2 studente per voorgdosent. Ses en twintig voorgdosente se voogroepe het van 10 tot 15 studente gehad, terwyl 30 groepe van 3 tot 5 studente gehad het. Die grootste groep het bestaan uit 26 studente.<sup>43</sup>

- 
38. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan alle suiwer P.U.-eerstejaars, 1964.
39. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan alle suiwer P.U.-eerstejaars, 1964.
40. P.U. vir C.H.O.: Volgens die indelingslys van pleegstudente by voorgdosente, 1965.
41. P.U. vir C.H.O.: Omsendbrief aan die doserende personeel, 1966.
42. P.U. vir C.H.O.: Naamlyste van pleegstudente wat by voorgdosente ingedeel is, 1966.
43. P.U. vir C.H.O.: Naamlyste van pleegstudente wat by voorgdosente ingedeel is, 1967.

#### 4. BESKRYWING VAN DIE VOOGDOSENTSTELSEL

Die stelsel wat aanvanklik net as 'n eksperiment ingevoer is, het behels dat aan elke bereidwillige dosent se sorg 'n klein groepie van 4 of 5 eerstejaarstudente, toegewys word wat dan deur hom ontmoet, gelei en georiënteer moet word.

Die voogdosent is weliswaar nie die student se eie keuse nie, maar nogtans gaan hy vir die student die amptelike volwassene wees wat as rugsteun dien. Die eerstejaar kom in die reël met 'n ope gemoed en soveel gewilligheid om ontvanklik te wees universiteit toe, dat hy die voogdosent in dieselfde gees gaan aanvaar. In 'n groot mate sal dit dus afhang van die wyse waarop die voogdosent hom ontmoet, of hulle mekaar sal „vind” en die kern van die stelsel is juis dat twee persone mekaar moet „vind”. Hierdie twee groepe persone is die voogdosente en die pleegstudente.<sup>44</sup>

Die wetslae van die stelsel is nou in hierdie persoonlike kontak geleë waardeur baie meer probleme van studente uitgestryk kan word as wat met enige formele benadering ooit bereik kan word. Hierdie persoonlike kontak hang af van die wyse waarop die voogdosent sy pleegstudente opvang of ontmoet.

Die pleegstudente word gedurende hulle eerste jaar aan die sorg van hulle voogdosente toevertrou wat hulp aan hulle verleen in hulle nuwe aanvanklike vreemde milieu. Dit is in die vooruit-sig gestel dat die voogdosent na 3 jaar van 12 tot 15 pleegstudente sal hê, omdat die goeie verhoudings wat opgebou is, sal bly voortbestaan nadat die formele opdrag afgeloop het en dat die oorspronk-

---

44. P.U. vir C.H.O.: Handleiding vir voogdosente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1964, 4.



like pleegstudente selfs in hulle tweede en derde jare hulle kontak met hulle voog sal behou.<sup>45</sup>

Iedere voogdosent is vroegtydig van 'n handleiding<sup>46</sup> voorsien waarin hulle pligte uiteengesit is en nuttige wenke vir uitvoering van hulle taak verstrekkend word. Volgens die handleiding is voogde in hoofsaak verantwoordelik vir voorligting of oriëntering van hulle pleegstudente ten opsigte van die invul van die persoonlike vraelys vir eerstejaarstudente, die keuse en die samestelling van studiekursusse, die invul van registrasiëkaarte, verduideliking van die program van aktiwiteite gedurende die eerste week van die jaar, groepvoorligting in verband met studie gedurende die eerste jaar en individuele voorligting, wanneer benodig, gedurende die hele jaar ten opsigte van aanpassings- en vorderingsprobleme. Voogdosente is aangeraai om pleegstudente met akademiese of persoonlike probleme wat hulle nie kans sien om te hanteer nie, na die betrokke vakdosent, of na die voorligter, of vanaf 1966, na die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing te verwys vir gespesialiseerde hulp en terapie.<sup>47</sup>

Voogdosente moet minstens een keer per kwartaal 'n verslag en maontlike wenke ter verbetering van die stelsel by die voorligter indien. Dit is derhalwe duidelik dat ernstige pogings aangewend word om samewerking en koördinasie tussen voogdosent, vakdosent en voorligter te bewerkstellig en te behou.

Volgens die ervaring van die meeste voogdosente word die

45. P.U. vir C.H.O.: Handleiding vir voogdosente aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1964, 8.
46. Ibid.
47. P.U. vir C.H.O.: Die Eerstejaarstudent aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1967.

meeste werk in verband met die pleegstudente gedurende die eerste semester afgehandel aangesien die eerstejaars juis in hierdie tydperk die meeste aanpassingsprobleme ondervind.<sup>48</sup>

Die groep- en individuele samesprekings tussen die voogdosent en sy pleegstudente vind nie volgens 'n vaste patroon of program plaas nie, maar dit word aan die inisiatief van die dosent oorgelaat om die nodige reëlins volgens die behoeftes van sy groep te tref.

Teen 1966 het dit geblyk dat heelwat van die dosente hulleself nie bekwaam genoeg ag om al die probleme van die eerstejaars op te los nie. Na aanleiding hiervan is besluit dat die huisvaders in die toekoms meer voorligtingspligte ten opsigte van eerstejaars op hulle sal neem<sup>49</sup> en dat 'n ondersoek na die waarde en leemtes van die huidige voogdosentstelsel ingestel moet word ten einde vas te stel of met die stelsel voortgegaan moet word en, indien wel, om moontlike verbeterings in die stelsel voor te stel.<sup>50</sup>

- 
48. Volgens memorandum van professor B.C. Schutte i.v.m. die voogdosentstelsel, 2. Ontmoeting van studente, 15 Augustus 1963.
49. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n vergadering van die Komitee vir Inwendige Beheer op 22 Maart 1966 gehou, art. 8, Behandeling van die notule van die Uitvoerende Komitee, xiv Eerstejaars (art. 32).
50. P.U. vir C.H.O.: Notule van 'n spesiale vergadering van die Senaat gehou op 9 Desember 1965, art. 21, Behandeling van die notule van die Uitvoerende Komitee, xiv Eerstejaars (art.32).